2018/06/13
08:44 AM

Graan SA Oggend Markkommentaar

	DATUM 2018/06/13	DATUM 2018/06/12			+ - LAST WEEK 2018/06/04	
	Data	Δ	Δ%	Data	Δ%	Data
DJIA-index	25321	-1.58	0.0%	25322	2.8%	24635
Goud (Spot)	1294.64	-3.08	-0.2%	1297.72	0.3%	1290.93
Brent $/vat	75.42	-0.89	-1.2%	76.31	-1.4%	76.47
1 € / US$	1.1735	-0.01	-0.5%	1.1793	0.4%	1.1693
1 US$ / ZAR	13.32	0.170	1.3%	13.15	5.5%	12.63
Corn	R 1 979.01	61	3.2%	R 1 917.52	*CBOT Corn Jul cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Jul 12:00 the previous day	
Wheat	R 2 615.49	124	5.0%	R 2 491.27	* CBOT Wheat Jul cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Wheat Jul 12:00 the previous day	
Soybeans	R 4 669.13	21	0.5%	R 4 648.19	* CBOT Soy Jul cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Soy Jul 12:00 the previous day	
Latest CBOT prices during overnight trading (Recorded between 6 a.m. to 07:00 am vs 12:00 pm the previous trading day)						
Corn Jul 18	377.40	7.00	1.9%	370.40	Pariteitspryse gelewer in Randfontein. Koring DBN invoer pariteit ipv uitvoer pariteit	
Wheat Jul 18	534.40	18.80	3.6%	515.60		
Soybeans Jul 18	954.00	-8.00	-0.8%	962.00		
PLAASLIKE MARKINLIGTING					Invoerpariteit	Uitvoerpariteit
SORGHUM Jul '18	3070.00	0.00	0.0%	3070.00	3554.00	1674.00
WMAZ Spot	2056.00	-27.00	-1.3%	2083.00	3796.31	2035.00
WMAZ Jul 18	2070.00	-25.00	-1.2%	2095.00	3296.00	1860.00
WMAZ Sep 18	2127.00	-25.00	-1.2%	2152.00	3343.00	1905.00
YMAZ Spot	2158.00	-21.00	-1.0%	2179.00	3193.00	1720.00
YMAZ Jul 18	2183.00	-18.00	-0.8%	2201.00	3296.00	1860.00
YMAZ Sep 18	2237.00	-19.00	-0.8%	2256.00	3343.00	1905.00
SOY spot	4404.00	4.00	0.1%	4400.00	6542.00	4570.00
SOY Jul 18	4444.00	-5.00	-0.1%	4449.00	6451.00	4421.00
SUN May 18	4607.00	-8.00	-0.2%	4615.00	5808.00	4319.00
SUN Jul 18	4643.00	-1.00	0.0%	4644.00	6451.00	4421.00
WHEAT May 18	3867.00	6.00	0.2%	3861.00	4002.00	3682.00
WHEAT Jul 18	3918.00	-7.00	-0.2%	3925.00	4105.00	3785.00
WHEAT Sep 18	3955.00	4.00	0.1%	3951.00	4659.00	4340.00

NUUTSTE MARKINLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY UIT VERSKEIE MARKVERSLAE

BY DIE GELD PUT OPSIE

	WM	YM
JULIE '18 TERMYNPRYS	R 2 070.00	R 2 183.00
PUT TREFPRYS	R 2 080.00	R 2 180.00
PUT PREMIE	R 42.36	R 37.97
MINIMUM SAFEX PRYS	R 2 037.64	R 2 142.03

WEEK NR.	6	MIELIE UITVOERE		
		WM	YM	TM
WEEK TOTAAL		6 703	20 400	27 103
JTD TOTAAL		64 560	247 546	312 106
UITVOERBAAR		1 550 000	2 455 000	4 005 000
JTD AS % VAN UITVOERBAAR		4%	10%	8%
TEMPO/WEEK BENODIG		32 292	47 988	80 280
		MIELIE PRODUSENTE LEWERINGS		
WEEK TOTAAL		53 188	128 122	181 310
JTD TOTAAL		378 093	649 018	1 027 111
NOK SKATTING + REGSTELLINGS		6 379 660	5 797 150	12 176 810
% GELEWER VAN OES		6%	11%	8%
TEMPO /WEEK BENODIG		157 936	135 477	293 413
		KORING INVOERE		
		2017/18	2016/17	5 Jr. GEM
WEEK TOTAAL		28 932	-	18 080
JTD TOTAAL		1 335 343	555 242	1 058 307
TOTAAL BENODIG		1 930 000	930 728	1 622 999
JTD AS % VAN BENODIG		69%	60%	65%

Mark Oorsig: Die rand het skerp verswak vanaf die vlakke waarteen dit gister middag met marksluiting verhandel het en verhandel vanoggend teen R13.32/$. Die rand het hoofsaaklik onder druk gekom weens die verwagting dat die Amerikaanse Federale Reserwebank hul rentekoerse moontlik met 25 basis punte sal verhoog. Die FE D se beleidskomitee vergadering het gister begin en die uitslag sal later vandag bekend gemaak word. Oor die algemeen het die ontluikende lande se wisselkoerse onder druk gekom aangesien die markte r eeds begin het om 'n verhoging in die Amerikaanse rentekoerse in te prys. Die Europese sentrale bank (ESB) se beliedskomitee vergadering begin Donderdag en die verwagting is dat die ESB moontlik hul kwantitatiewe verruiming effens behoort in te perk. In die plaaslike ekonomie sal die besigheidsvertroue indeks later vandag bekend gemaak word terwyl die mynbou en kleinhandelverkope syfers more bekend gemaak sal word.

Mielies: Die Amerikaanse mieliemark het gister goeie ondersteuning gevind en het aansienlik sterker gesluit vir die dag nadat die nuut ste WASDE verslag wat gister bekend gemaak was positief was vir die internasionale pryse. Die USDA het in die nuutste verslag aangedui dat die eindvoorraad vir beide die 2017/18 en 2018/19 seis oen laer behoort te wees as wat in die vorige skatting verwag was. Die wêreld eindvoorraad vir die 2017/18 seisoen word op 192.69 miljoen ton geskat nadat die vorige skatting op 194.85 miljoen ton gelaat was. Die eindvoorraad vir die 2018/19 seisoen word op 154.69 miljoen ton geskat wat ongeveer 4.46 miljoen ton laer is as die vorige skatting van 159.15 miljoen ton. Dit wêreld vraag na mielies het s kerp toegeneem en die gemiddelde produksies vir die seisoen in die grootste produserende lande is ook heelwat laer as die vorige seisoen se produksie. Privaat uitvoerders het uitvoerverkope van ongevee r 152 000 ton aan die USDA gerapporteer vir lewering aan Meksiko met die ongeveer 75% wat vir lewering in die 2017/18 seisoen is terwyl die balans in die 2018/19 seisoen gelewer sal word. Die produk sietoestande in die VSA is steeds goed en die nuutste weeklikse produksie vorderingsverslag toon aan dat die produksie toestande 77% goed tot uitstekend is. In ander internasionale nuus is die verwag ting in Brasilië is die verwagting dat die opvolg mielie produksie vir die seisoen ongeveer 7.5% laer behoort te wees as verlede seisoen se produksie. Die Brasiliaanse etanol produksie het teruggesak in die e erste helfte van Mei en was ongeveer 16% laer. Suid Korea het ongeveer 71 000 ton mielies aangekoop op 'n internasionale tender vanaf opsionele oorsprong vir lewering in November. **Plaaslik:** Die plaaslike mieliemark het gister onder druk gekom en het laer verhandel vir die dag in meeste van die kontrak maande wat tans gelys is van beide wit en geelmielies. In gister se weeklikse uitvoerverslag wat deur SAGIS bekend gemaak was is die YM uitvoere vir die week op 20 400 ton gerapporteer en die WM uitvoere op 6 703 ton gerapporteer. Die jaar tot datum uitvoere staan op 312 106 ton.

Sojabone: Die Amerikaanse sojaboon pryse het gister gemeng verhandel en het aanvanklik goeie ondersteuning gevind, maar kon nie daaraan vashou nie en het op die ou end slegs effens sterker gesluit vir die dag. Die nuutste WASDE verslag wat gister bekend gemaak was het ook aangedui dat die sojaboon voorrade vir die VSA laer b ehoort te wees as wat in die vorige verslag gerapporteer was terwyl die wêreld eindvoorraad verwag word om effens hoër te wees vir beide die 2017/18 en 2018/19 seisoen. Die wêreld eindvoorraad vir die 2017/18 seisoen word op 92.49 miljoen ton geskat wat marginaal hoër is as die vorige skatting. Die 2018/19 seisoen se wêreld eindvoorraad word op 87.02 miljoen ton geskat teenoor die vorige skatti ng se 86.70 miljoen ton. Die nuwe seisoen aanplantings in die VSA het goed gevorder en is aansienlik beter as die gemiddeld terwyl die produksie toestande in die VSA ook baie gunstig is en op 74% goed tot uitstekend geskat word. In Brasilië was die sojaboon produksie verwagting vir die seisoen hoër aangepas en die totale produksie word verwag om ongeveer 3.5% hoër te wees vir die seisoen vanaf verlede sei soen se produksie. **Plaaslik:** Die plaaslike sojaboonmark het gister nie groot prysbewegings getoon nie en het effens laer gesluit vir die dag in meeste van die kontrak maande tans gelys is.

Koring: Die Amerikaanse koringmark het gister goeie ondersteuning gevind en het sterker verhandel vir die dag hoofsaaklik as gevolg gemengde data wat in die nuutste WASDE verslag bekend gemaak was tesame met ongunstige weerstoestande in groot produserende streke. Die nuutste WASDE verslag het aangedui dat die wêreld kori ng eindvoorraad vir die 2017/18 seisoen ongeveer 272.37 miljoen ton behoort te wees. Dit is ongeveer 1.9 miljoen ton hoër as die vorige maand se skatting en die hoogste eindvoorraad nog in die geskiedenis. Die wêreld eindvoorraad vir die 2018/19 seisoen word op 266.16 miljoen ton geskat wat 1.83 miljoen ton hoër is as die vorige skatting. Die USDA het Rusland se produksie vir die seisoen ong eveer 3.7 miljoen gesny vanaf die vorige skatting met die moeilike produksie toestande wat tans daar heers. Die verwagting in die Oekraïne is ook dat die produksie vir die seisoen ongeveer 3% laer behoo rt te wees as verlede seisoen se produksie **Plaaslik:** Die plaaslike koringmark het gister gemeng verhandel, maar het nie groot prysbewegings getoon vir die dag nie. In gister se weeklikse SAGIS invoer en uitv oerverslag is aangetoon dat die weeklikse invoere 28 932 ton was wat die totale invoere vir die seisoen tot dusver op 1.335 miljoen ton te staan bring.

Plaaslike Markinsigte & Data: *www.grainsa.co.za /www.sagis.co.za*
Internasionale Markinsigte & Data: *www.usda.co.za*

Opgestel deur *Luan van der Walt en Ikageng Maluleke /* ***Vir navrae, kontak****: luan@grainsa.co.za*
Dankie aan die Mielietrust vir die gedeeltelike befondsing van hierdie projek

Everything has been done to ensure the accuracy of this information, however Grain SA takes no responsibility for any losses or damage incurred due to the usage of this information.